Die Legende Willem Ratte

Die lewe en ideale van ’n Duitse Boer in die stryd om reg en vryheid in Suid-Afrika

deur

Claus Nordbruch

Opgedra aan
Zaanzie Ratte,
Christina, Wimpie, Johannes en Maria

ISBN 0-9584131-2-6

1ste uitgawe Julie maand1996

Dieses Buch ist auch auf deutsch erhältlich.
ISBN 0-9584131-1-8

This booklet is also available in English.
ISBN 0-9584131-3-4

© 1996 Alle regte voorbehou
Kontak Uitgewers
Posbus 7174
Pretoria
0001
Gedruk in Suid-Afrika

Voorwoord

Sonder die vriendelike hulp wat mevrou Zaanzie Ratte en mnr Horst Graefe my verleen het sou hierdie beskeie boekie nie tot stand gekom het nie. Die foto's van die Ombili-stigting is beskikbaar gestel deur mnr Dawid van der Merwe; dié uit die vyftiger- tot tagtigerjare is familiebesit van die Ratte-gesin. Ons is hulle dank verskuldig vir die beskikbaarstelling daarvan. Die orige foto's is deur die skrywer geneem. Baie dankie aan my vrou Tina vir die geduldige proefleeswerk.

Hierdie eerste uitgawe is binne vyf baie opwindende dae en slapelose nagte geskryf. Ons versoek die leser om dit in aanmerking te neem; 'n omvattende biografie van Willem Ratte moet nie verwag word nie. Eweneens kan die volgende bladsye nóg 'n omvattende geskiedenisstudie nóg 'n politieke manifes wees. Dit was ook nie die bedoeling nie. Ek het wel moeite gedoen om gehoor te gee aan die versoek van baie bekommerdes en meelewendes om so gou moontlik 'n oorsig oor die lewe en invloed van Willem Ratte tot op datum en oor sy ideale daar te stel.

Die deurslaggewende rede vir die publikasie van hierdie boek is net so eenvoudig as wat dit tragies is. Die Suid-Afrikaanse regering onder Nelson Mandela word gekonfronteer met 'n geweldige regskandaal en swyg. Hy swyg dit dood. Ter wille van geregtigheid en menslikheid moet hierdie swye verbreek word. Talle hoog aangeskrewe en ernstiggesinde internasionale organisasies en belangegroepe, maar ook idealistiese individue het hierdie gebod van die uur en die erns van die toestand ingesien en in die afgelope weke ingetree vir die vrylating van kommandant Willem Ratte. Nogtans sit die regering van die reënboognasie, wat voorgee dat hy hom beywer vir versoening en waarheid, steeds op sy ore of laat niks meer hoor as ongeloofwaardige en blote niksseggende, mooiklinkende frases.

Een van Suid-Afrika se beste offisiere is sedert sy skandalige veroordeling op 3 Mei 1996 op 'n hongerstaking. Hierdie verslag probeer uiteensit wat kommandant Ratte, wie se moedertaal Duits is, met sy selfopofferende weerstand beoog. Hoe die regskandaal rondom Willem Ratte ook al afloop, Suid-Afrika sal, as die nou reeds gevestigde praktyk van meet met twee mate en die onderdrukking van ongewenste volke voortduur, uiteindelik net een toekoms hê - en dit is burgeroorlog.

Net soos die Zoeloes en ander volkere in Suid-Afrika, wil die Boere ook vry wees en gelukkig en in vrede lewe. Willem Ratte praat ons taal, uit die hart. Onderliggend aan hierdie boek is dus slegs een gedagte - vryheid!

Dr. Claus Nordbruch,
27 Junie 1996

Inhoudsopgawe

Voorwoord

Kinderdae en jeug in Duitsland

Suid-Afrika roep

Soldaat in Rhodesië

32 Bataljon

Burgerlike, maar tog soldaat

Fort Schanskop

Veroordeling, en hongerstaking: die motief

Reaksies

Die mens Willem Ratte

Slotwoord

Bronnelys

Oor die skrywer

Kinderdae en jeug in Duitsland

Wilhelm Friedrich Ratte het op 14.2.1948 in die Paarl die eerste lewenslig aanskou. Na Theo en Hermann was hy die jongste seun van die passer en draaier Wilhelm Josef, gebore in Recklinghausen, en sy moeder Hertha, ’n nooi Stolz van Suid-Afrikaans-Duitse herkoms uit Kaapstad. Na Willem se geboorte het die egpaar Ratte nog ’n dogter, Elizabeth, gehad. Theo het later in die visserybedryf gepromoveer; sy broer Hermann het ingenieur geword. Albei woon tans in Kaapstad, terwyl Elizabeth in Windhoek woon. Willem se vader is reeds jare gelede oorlede, maar sy sewe-en-tagtigjarige moeder woon in Kaapstad.

1954 was die jaar waarin die jonge Willem die plek sou leer ken waar sy naaste familie gewoon en sy vader grootgeword het. Saam met sy vader het die knaap na Duitsland gevlieg om daar sy oupa Wilhelm en sy vader se broers en susters te besoek. Dié het in Recklinghausen gewoon, naby Münster in Noordryn-Wesfale. Vir die jong seun sou hierdie familiekuier uiteindelik jare duur. Terwyl sy vader na Suid-Afrika teruggekeer het, het Willem in die klein stad soms by sy oom Josef gewoon, wat op hierdie tydstip die plaaslike katolieke priester was, en dié se suster, Tante Dini. Maar hoofsaaklik was hy tuis by sy pleegouers Heinrich en Maria Ratte. Willem het skool toe gegaan en veral presteer met uitstekende punte in Duitse opstelle. Net vir skrif het hy nou en dan volpunte gekry. Willem het grootgeword, posseëls versamel en geesdriftig voetbal gespeel. In hierdie katolieke gesin is hy vanselfsprekend godsdienstig opgevoed.

Suid-Afrika roep

Eendag in 1962 wou Oupa Wilhelm in Suid-Afrika gaan kuier, en hy het sy kleinkind gevra of hy wou saamkom. Die veertienjarige seun wou saam. So het die twee in ’n vliegtuig geklim wat hulle weer na Suid-Afrikaanse bodem sou bring. Terug in sy geboorteplek het Willem sy skoolloopbaan in ’n akademiese rigting in die Paarl voortgesit en in 1964 gematrikuleer.

Kort hierna het sy ouers besluit om na Suidwes-Afrika te verhuis, waar hulle in Windhoek gaan woon het. Willem het egter nie toe al Suidwes toe getrek nie; sy kop het Pretoria toe gestaan om te studeer. Aangesien daar toe nog geen militêre diensplig was nie, kon Willem inderdaad direk na sy skoolopleiding aan die Universiteit van Pretoria ginskryf. Daarby het dit egter gebly. In plaas van akademiese studie het tennis hom in beslag geneem. Hy het elke dag tennis gespeel - selfs snags. Dit het nou wel aan die een kant tot gevolg gehad dat hy in Pretoria gou as kampioen bekendheid

verwerf het, maar aan die ander kant dawerend gedruip het. Hierdie akademiese mislukking het hom wakker geskud. Willem die tenniskampioen sou jare lank Pretoria die rug toekeer.

Nou het sy kop Suidwes toe gestaan, waar hy onder andere in Grootfontein in die landdroskantoor en op verskeie plase naby Otjiwarongo gewerk het. Teen die einde van die jare sestig het hy by Unisa vir ’n geesteswetenskaplike studierigting ingeskryf. Sy hoofvakke was Latyn, Duits, Geskiedenis en Politieke Wetenskappe. In sy vrye tyd het hy dikwels lang staptoere in die wildernis of in die boswêreld onderneem. Na die suksesvolle voltooiing van sy studie het Willem in 1972 onderwyser geword aan die Duitse Skool in Windhoek. Dit het egter nie lank geduur voordat die vyf-en-twintigjarige vasgestel het dat hy nie vir die skoolmeestersberoep bedoel was nie. Nie dat hy nie met sy leerlinge oor die weg kon kom of dat hulle nie van hom gehou het nie. Onder die personeel het daar ’n ondraaglike jaloesie ontstaan wat harmonieuse samewerking onmoontlik gemaak het. Baie van Willem se kollegas kon sy ywer en energie nie verdra nie. Dus kon sy werk en die sosiale omgewing hom nie naastenby tevrede stel nie. Hy het gesmag na ’n beroep waarin hy pligsbesef en ’n gevoel van verantwoordelikheid sinvol kon kombineer. Dit, so het hy gevoel, kon hy net as beroepsoldaat bereik.

In 1973 is die algemene diensplig vir blankes in Suid-Afrika ingevoer; nieblankes kon ook vrywillig by die weermag aansluit. Aangesien Suid-Afrika op daardie tydstip nie in ’n staat van oorlog was nie, dit wil sê dat die Suid-Afrikaanse bevolking nie aan ’n akute bedreiging blootgestel was nie, was Willem Ratte nou nie juis geesdriftig oor die gedagte om ’n Suid-Afrikaanse soldaat te word nie. As hy dan nou ’n uniform moet dra, dan ten minste in sinvolle diens aan die volk; dit was die gesindheid van die jong Willem Ratte - ’n gesindheid wat hy lewenslank behou het.

Soldaat in Rhodesië‘

Anders as Suid-Afrika, wat in hierdie jare nog betreklik ekonomies vooruitstrewend en vreedsaam was, het daar in die noordoostelike buurland ’n bloedige oorlog tot op die bitter einde gewoed. Vir sy familie het Willem niks van sy planne vertel nie. Hy het voorgegee dat hy hom in Johannesburg wil gaan vestig, maar na Salisbury gereis, die hoofstad van Rhodesië, en daar as vrywilliger by die Rhodesiese leër aangesluit. Eers nadat sy aansoek aanvaar is het hy sy ouers in Windhoek gebel en hulle van sy nuwe planne ingelig.

In die daaropvolgende jare het hy by die Rhodesiese ligte infanterie (RLI) met groot sukses die onderoffisierskursus gevolg, sodat hy na die elite-eenheid *Special Air Service* (SAS) oorgeplaas is. Hier het hy veral spesiale opdragte as valskermsoldaat uitgevoer. Oorlog in Afrika, veral die Rhodesiese oorlog, kan nie met gewapende konflikte in Europa vergelyk word nie. Waar Europese krygsaksies in die eerste plek deur min of meer teenoorliggende militêre eenhede en massiewe optredes oor groot gebiede gekenmerk word, is dit in die Afrikaanse bosoorlog in die eerste plek die soldaat as mens wat benodig word. Sodanig was ook die opdragte van die spesiale soldaat Ratte. In klein militêre eenhede, gewoonlik groepies van enkele manne, was die doel om vyandige basisse op te spoor en te vernietig en die vyand te elimineer. Dit was die taak waarvoor hy opgelei en waarin hy ingeoefen was. Daar was egter ook vyande wat nie met die mes of die R1 oorwin kon word nie: uiters moeilike terrein, die bykans ondeurdringbare boswêreld met sy hardnekkige doringstruike, waterskaarste, onuitstaanbare hitte selfs in die nag, malaria en bilharzia - om nie te praat nie van ’n leër van giftige slange, skerpioene, luise en die “groot vyf”: renosters, olifante, buffels, leeus en luiperds. En daarbenewens altyd minstens 40 kilo’s pakkasie op jou rug. Dit was ook nie altyd net gevegte was jou bloed kon kos nie. Die afskuwelikheid van die stappe wat die terroriste gedoen het word bewys deur ’n “burgerlike” handeling - slegs een van tallose voorvalle - wat onderoffisier Ratte byna sy lewe gekos het. Saam met Ben van der Merwe wou Willem ’n vriend in Samabula besoek. Die twee mans het mekaar op ’n plaas gekry en saam in hul gepantserde Jeep geklim. Die voertuig het skaars geloop toe dit ’n landmyn tref, met die gevolg dat die voorste derde van die Jeep totaal uitmekaar geruk is. Dit was ’n wonder dat die twee vriende onbeseer daarvan af gekom het.

Aangesien die terroriste voortdurend uit Mosambiek Rhodesië binnegeval en myne geplant of plase oorval het, het spesiale aksies dikwels oorkant die grense plaasgevind. In hierdie tyd het Willem onder die skuilnaam Willum Butler opgetree. Oor “Operation Inhibit” van 17 Desember 1978 lees ons in die gedenkuitgawe vir die Rhodesiese SAS die woorde:

“They were now desperately short of water. They had been unable to find any on their long march, and what little remained in their water bottles was very precious indeed. They knew that they would have a real problem if they didn’t find water soon. Lieutenant Rich Stannard, his 2 IC, Sergant Billy Gardner, and the main body of men were to form the killer/ambush group, with Sergant Dale O’Mulligan and his partner in one early-morning group [...] and Sergant Willum Butler and his partner in the other. The early warnings took up their positions either side of the main ambush group, and Sergant O’Mulligan had no sooner dropped his pack and settled down to await ZANLA vehicles than his partner whispered that there were civilians approaching. As he

looked up, he could see a group of kitted-up ZANLA men sauntering into sight along the rail line. He quickly passed the news to the mission commander, then counted forty terrorists strung out along the rail track. The SAS callsign, caught completely unawares by the walking ZANLA men, watched in the bushes in amazement - and let them walk by. The new SAS lieutenant knew he had blown it. Rich Stannard cursed himself but knew it would be no use explaining he simply had not been expecting ZANLA pedestrians. He knew his mistake would neither be forgiven nor forgotten. How could he have let such an opportunity pass?"

Maar meesal, soos dit 'n "butler" betaam, het Willum bedien. In sy spesiale taakmaghoedanigheid het hy die terroriste bedien met wat hulle toegekom het. Vir sy uitstaande optredes het Willem later die Rhodesiese dekorasie vir dapperheid en voortdurende prestasie die *Wings on Chest* ontvang.

In 1976 is die elitesoldaat ernstig gewond in 'n aanval op 'n terroristekamp in Mosambiek. Hy is deur een koeël in sy regterbobeen en een in sy linkerskeenbeen getref, sodat hy per vliegtuig na die veldhospitaal in Salisbury afgevoer moes word. Tydens sy herstel het sy vriendskap met 'n jong vrou genaamd Aletta de Clerq, wat reeds geruime tyd een van sy en sy vriend Johan Joubert se kennisse was, verder verdiep. Sy is 'n Afrikaanssprekende Rhodesiër, 'n afstammeling van die Hugenote, wat indertyd by 'n bank in Salisbury gewerk en in haar vrye tyd dikwels as "Woman Field Reservist" diens gedoen het by die Reserwepolisie. Sy sou enkele jare later sy vrou word en vir hom in die loop van hul huwelik twee dogters en'n seun skenk. Vriende noem Aletta vandag nog Zaanzie. Willem het volkome herstel; van sy wonde het hy net die littekens oorgehou. So gou hy gesond was, het hy weer by sy eenheid aangesluit. Hy het behoorlik in sy soldateberoep opgegaan - hy was die gebore soldaat.

Die Rhodesiese oorlog is verloor, om redes wat nie hier bespreek hoef te word nie. Dit hoef net vermeld te word dat een wesenlike aspek daarvan 'n faktor was waarmee Willem Ratte in sy verdere lewe nog dikwels gekonfronteer sou word: verraad. Wat in hierdie stadium deurslaggewend was, was dat hoewel die oorlog verloor is, onderoffisier Ratte se militêre loopbaan hoegenaamd nie op 'n einde was nie. Inteendeel; die ses jare wat verby was het Willem Ratte met 'n byna onoortreflike militêre opleiding toegerus wat deur intensiewe ondervinding vervolmaak is. Hierdie kennis en vaardigheid wou hy nou tot sy geboorteland se beskikking stel, waar dit die laaste tyd glad nie meer so vreedsaam gegaan het nie.

32 Bataljon

In 1979, kort voordat Rhodesië sogenaamd onafhanklik geword het, het Willem Ratte die SAS verlaat, teruggekeer na Suid-Afrika en direk by die Suid-Afrikaanse weermag aangesluit. Dis nie vreemd dat die Suid-Afrikaanse le‘r bewus was van Willem Ratte se vermoëns as soldaat nie. Hy is tot luitenant bevorder en onmiddellik ingedeel by dié Suid-Afrikaanse elite-eenheid, 32 Bataljon. Hierdie gevegseenheid, wat destyds onder die bevel van Kolonel Deon Ferreira gestaan het - met wie Ratte uitstekend oor die weg gekom het - was die Suid-Afrikaanse weermageenheid wat die meeste gebruik is en verreweg die suksesvolste was tydens die hele stryd om Suidwes-Afrika en in Angola. Die bataljon het uitsluitend uit Angolese bestaan wat uit hulle tuisland verdryf was en teen die kommunistiese regeringstroepe geveg het. In hierdie militêre eenheid het luitenant Ratte gevorder tot bevelvoerder van die uitgelese Verkennings-groep. Voortspruitend uit die doelstellings van hierdie eenheid moes luitenant Ratte en sy manne in die eerste plek Swapo-basisse opspoor en vernietig. Gesien vanuit die gesigspunt van die kommunistiese terroriste het hy dit ook angswekkend goed reggekry. Onder Willem Ratte se leiding het hierdie eenheid binne 32 Bataljon nie net een van die bekendste nie, maar ook die mees gevreesde van alle Suid-Afrikaanse gevegsgroepe geword - ten minste by die vyand.

In 1984 is luitenant Ratte bevorder tot kaptein en waarnemende kommandant van 1 Suidwes-Afrikaanse Herwinningsregiment. Ongelukkig kon hy nie regkom met sy bogeskikte, kommandant Willie Snyman nie, wat hom al te dikwels aan alkohol te buite gegaan het. Reeds na ses maande het kaptein Ratte dus hierdie eenheid verlaat en hom na Nepara in die Kavango laat verplaas, waar hy die Spiderweb-plan uitgewerk en in werking gestel het. In hierdie stadium het die mynoorlog geweldige leed veroorsaak in die grensgebied tussen Suidwes-Afrika en Angola. ‘n Besondere projek is aan Willem toevertrou - ‘n opdrag wat net so ondubbelsinnig as prysenswaardig was: maak skoon en verleen humanitêre hulp. Binne ‘n baie kort tydperk het hy daarin geslaag om nedersettings vir die swaar beproefde inboorlinge te bou
en onder sy beskerming te plaas, sodat hulle vrede gewaarborg was. Nie een van sy beskermlinge is doodgemaak terwyl hulle onder sy toesig was nie. Daar was weer kos, en vir hierdie tyd kon veral die kinders die skrikbewind van die oorlog vergeet. In 1985 is kaptein Ratte tot majoor bevorder.
In 1987 is majoor Ratte verplaas na die basis Quandorivier in die Caprivi, waar hy nou die UNITA-soldate opgelei het. ‘n Tyd lank was hy hier onder bevel van Kolonel Jan Breytenbach, wat hom byna 10 jaar later in die openbaar as na•ef en twyfelagtig sou afmaak. Met Kolonel Breytenbach se opvolger, Kolonel Bert Sachser, het majoor Ratte egter uitstekend oor die weg gekom, sodat ‘n groot aantal Angolese met goed gegronde kennis die grens kon oorsteek en vir Angola kon gaan

veg. Majoor Ratte het ‘n roepingsbeswustheid gehad in dié sin dat hy soveel swartmense as moontlik ‘n uitstekende militêre opleiding wou gee. Hy het dus dag en nag gewerk in die vaste geloof dat hy ‘n sterk mag moes oplei teen die steeds verder uitkringende kommunisme en terrorisme. Daarby het hy homself nie gespaar nie, wat daartoe gelei het dat hy eendag tydens ‘n opleidingsessie oor landmyne ‘n fout met ernstige gevolge gemaak het. Majoor Ratte het ‘n demonstrasieles gegee oor teenpersoneelmyne en was besig om die bou, werking, hantering en uitwerking van myne te verduidelik. Hy het hulle gewys hoe om met hierdie gevaarlike wapen te werk en dit begin uitmekaar haal. Toe hy die ontsteker uitgeskroef het, het die oorvermoeide frontoffisier vir ‘n oomblik nie gekonsentreer nie en die ontsteker so onversigtig hanteer dat dit ontplof en die voorste deel van sy regter duim en van een vinger afgeskiet het.

Twee jaar later is hy na die uitgelese 5 Herwinningseenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag oorgeplaas. In Maart 1989, omtrent dieselfde tyd toe die UNTAG-politiek in Suidwes-Afrika begin het, wat daartoe gelei het dat die Suid-Afrikaanse leër moes terugtrek na Suid-Afrika en die mag aan Swapo oorhandig is, het majoor Ratte begin met die Ombili-stigting. Sy vriend uit die dae van 32 Bataljon, Dawid van der Merwe, het hom onvermoeid daarmee gehelp.

Noord van Tsumeb, op die plaas *Hedwigslust* van Klaus Mais en sy vrou Beate, het hierdie unieke humanitêre projek tot stand gekom, ‘n omgeestigting om die regte van die Boesmans te beskerm. ‘n Mens moet onthou dat die Boesmans ‘n volk in eie reg is, wat ongelukkig telkens weer deur magtiger volke as slawe gebruik is. Verder word hul leefruimte steeds verder deur industrialisasie, verstedeliking en toerisme bedreig en vernietig. Dat hierdie laaste oerinwoners van die suidelike Afrika hul eiesoortigheid kan handhaaf en tot op hede kan oorleef, is nie in die laaste plek nie te danke aan Willem Ratte se bemoeienis nie. Ook het daar veral na die onttrekking van die Suid-Afrikaanse strydmagte Suidwes-Afrikaanse humaniste na vore gekom wat hulself bereid verklaar het om die projek voort te sit en uit te bou. Na die dood van Klaus Mais, een van nie stigters, het sy vrou die projek voortgesit. Naas tuinbou, landbou en veeteelt beoefen die Boesmans veral knutselwerk, handwerk en naaldwerk. Die voltooide produkte word hoofsaaklik oorsee verkoop, en met die opbrengs koop die Boesmans hoofsaaklik suiker, seep, vet, tee, koffie en tabak. “Die handgemaakte artikels”, so lui ‘n pamflet wat deur die Ombili-stigting uitgegee is, word met meer moeite gemaak as wat baie mense dink. In die geval van mandjies word eers die palmblare bymekaar gemaak en bewerk. Omdat hulle ‘n ander begrip van tyd het as ons en nie so gejaag lewe nie, het hulle dae en weke nodig vir die voorbereiding en vervaardiging. Hierdie stigting is moontlik gemaak deur, onder andere, ruim finansiële bydraes uit Duitsland, dit wil sê skenkings

deur Duitse privaat persone en privaat organisasies soos die *Förderungsgesellschaft Afrika*, die *Verein Hilfe zur Selbsthilfe*, die *Deutsch-Namibische Entwicklungsgesellschaft* en die entrepreneur Gerd Brülle, die egpaar Ressle van Beiere en die Schwarz-gesin in Heilbronn, en vele andere. Die Ombili-stigting is tans een van die weinige internasionaal erkende menseregte-instellings in Afrika wat werklik die lewe en bestaan van bedreigde mense beskerm en homself nie deur politieke belangegroepe laat oorneem en misbruik nie.

In 1990 is Willem Ratte bevorder tot kommandant. Die tyd van die politieke omwenteling het aangebreek. Die Suid-Afrikaanse troepe moes uit Suidwes-Afrika terugtrek. Vir die volgende jaar en ‘n half was hy eers in Phalaborwa en toe in Queenstown, sy laaste garnisoen, gestasioneer.

Burgerlike, maar tog soldaat

In 1991 het kommandant Willem Ratte uit die SA Weermag bedank. Volgens hom was die doel en sin van die SA weermag nou nie meer gewaarborg nie. Volgens hom is alle leërs op aarde in die eerste plek daar om die bevolking te beskerm. In plaas daarvan het die weermag egter toenemend verpolitiseer geraak. Uitdagende vergrype vanuit die Transkei is nie teengestaan nie. Veediewe of selfs doodgewone moordenaars en rowers kon dit waag om so te sê sonder meer oor die grens te wandel, bomme te plant op Suid-Afrikaanse grondgebied of te verkrag of te steel en daarna weer in die Transkei weg te kruip. Dat hierdie misdade so te sê onder die neuse van die weermag kon plaasvind - Suid-Afrikaanse troepe is verbied om die gepaste maatreëls te tref - was strydig met kommandant Ratte se moraliteits- en eergevoel. Hy het by sy bogeskiktes beswaar gemaak teen hierdie betreurenswaardige toestande. Aangesien sy waarskuwings in die wind geslaan is en hy self nie in die posisie was om op gepaste wyse in te gryp en die status quo te verander nie, het Willem sy gevolgtrekkings gemaak en die diens verlaat. Hy het geglo dat hy onder hierdie omstandighede sy volk, wat nou self bedreig was, beter as gewone burger met humanitêre en welsynsprojekte kon help as wat hy dit as offisier kon doen.

Die Ratte-gesin het verhuis na Petrusville, ‘n klein dorpie in die Noord-Kaap. In die stilte kon kommandant Ratte planne vir die toekoms maak. Hy het van die begin af geweet wat hy wou hê: om homself in die eerste plek toe te wy aan humanitêre en sosiale take en oor partygrense heen te werk. Sy aanhangers het hy veral in dié kringe gevind wat teen die oorname deur die kommunistiese alliansie gekant was. Onder Willem Ratte se leiding het verskeie groepe oor

partygrense heen tot stand gekom en het opsienbarende betogings plaasgevind wat vanaf 1992, toe hy vanweë die referendum na Pretoria toe is, die voorblaaie gehaal en aandag getrek het.

In Maart 1993 is 32 Bataljon ontbind. Dit was ongeveer in die tyd toe die nuwe "nie-rassistiese" blikgeld in Suid-Afrika ingevoer en die ou munte en banknote onttrek is. Omdat die ou R1-munt 'n hoë silwerinhoud gehad het, het kommandant Ratte hulle vir 'n treffende demonstrasie uitgesoek. Voor die lede van 32 Bataljon het hy 30 sulke munte bymekaar gemaak en hulle in 'n sakkie gesit wat spesiaal daarvoor gemaak is. By die vaandelneerleggingseremonie het kommandant Ratte die silwerlinge aan die woordvoerder van die bataljon, Louis Bothma, met die versoek om dit aan De Klerk te oorhandig. Willie Snyman - nie dieselfde as die hierbo genoemde kommandant Snyman nie - was in hierdie stadium lid van die parlement. In daardie hoedanigheid het Snyman vir De Klerk sy Judasloon namens die soldate oorhandig. De Klerk, so het die berigte gelui, was baie gekrenk hieroor.

Kort hierna het kommandant Ratte die Pretoriase Boerekommando gestig, 'n plaaslike vereniging geskoei op semi-militêre lees, wat met vreedsame middele in die eerste plek die belange van die Boere verteenwoordig het en beoog het om deur die beveiliging van sekere strategiese, infrastrukturele en kultuurpolitiese plekke 'n dreigende burgeroorlog te voorkom. Op 16 Oktober 1993 het kommandant Ratte vroeg in die oggend met sy Boerekommando lewensmiddele en ander voorrade na omsingelde Zoeloes in Kathlehong aangery. Die konvooi het die Kwesini-hostel, wat deur lede van die Inkatha-Vryheidsparty bewoon en deur die ANC beleër is, nie sonder voorval bereik nie. 'n Haastig saamgeskraapte groep polisie- en weermaglede het die pad versper en hulle toegang tot die woonbuurt Pholapark geweier. Die woordvoerder van die Inkatha-Vrouebrigade, Gertrude Mzizi, het die handhawers van wet en orde gevra of dit nou 'n basiese beginsel van die "nuwe" Suid-Afrika was om mense voedsel te weier. Die Zoeloes het hier gelewe soos ingehokte diere, het sy gesê. 'n Woordvoerder van die IVP, Arthur van Vuuren, het gesê dat die inwoners se toestand hier hagliker is as in 'n tronk: hulle het geen mediese hulp nie; minibusse, waarmee die Zoeloes werk toe gebring kan word, word nie toegelaat nie en die spoorlyn - die enigste manier om die gebied te verlaat - word dikwels gesaboteer. Die regering het niks gedoen om hierdie treurige toestande te verander nie. Uiteindelik is die Boerekonvooi deurgelaat. Toe die konvooi uiteindelik sy bestemming bereik, is daar met AK 47's op hulle geskiet. Die geweervuur het ook nie opgehou toe die lewensmiddele afgelaai is nie. Sonder verliese het kommandant Ratte en sy manne die woonbuurt verlaat nadat hulle hul doel bereik het.

Omdat hy geweet het dat, aan die een kant, die openbare media grotendeels aan die kant van die "demokratiese" proses van 'n "nuwe" Suid-Afrika gestaan het en dat die Boere aan die ander kant alleen gelaat is sonder 'n invloedryke, provinsiale openbare medium, het kommandant Ratte 'n eie radiosender in die lewe geroep: Radio Pretoria. Van hierdie radiostasie het hy hom eers onttrek nadat die sender, onderhewig aan sekere bepalings, 'n uitsaailisensie gekry het.

Daarna het kommandant Ratte 'n nuwe radiostasie gestig wat nie "heropgevoed" is nie - die stasie Radio Donkerhoek. Hierdie stasie het in die nuus gekom in die sin dat dit 'n hoogs uitgeslape roofsender was. Die mobiele radiostasie het hoofsaaklik nuusberigte deels uit bewegende voertuie, deels uit kelders uitgesaai. Teen die middel van 1994 het die stasie 'n vaste uitsaaiplek gekry, maar steeds sonder lisensie uitgesaai. In April 1995 moes 'n polisiemag van minstens 100 swaar gewapende, gekamoefleerde polisiemanne ingespan word om dit vir die Poskantoorbeamtes moontlik te maak om beslag op die sender te lê. Daar moes selfs van helikopters gebruik gemaak word om oor die konfiskasiepoging te waak. Kommandant Ratte het vir die polisie gesê dat Radio Donkerhoek nie die pad van aanpassing volg soos wat Radio Pretoria teen die middel van April 1995 gedoen het nie. Radio Donkerhoek sou nie aansoek doen om 'n uisaailisensie nie omdat dit nie die regering erken nie. Die Donkerhoekers het die uitsaai van nuusberigte en ander materiaal dus as wettig beskou, aangesien elke nasie die reg het op vrye meningsuiting sonder om daarvoor toestemming van vreemde magte te moet kry. Ook die radiostasie was niks anders as 'n middel tot vryheid van spraak nie. Sover dit die bedrywers van Radio Donkerhoek betref het, was die regering van April/Mei 'n onwettige regime wat nie deur hulle erken is nie; daarom was die interdik teen Radio Donkerhoek niks anders as 'n stryd teen die reg op vrye meningsuiting nie. Die radiostasie se bestuurder, Edwin Clarke, het beklemtoon dat niemand die stasie sou prysgee nie, en dat die werknemers nie sou terugdeins om Donkerhoek in geval van nood met wapengeweld te verdedig nie. Kommandant Ratte het sy vasberadenheid onderstreep met die stelling dat die toerusting slegs oor sy dooie liggaam gekonfiskeer sou kan word - 'n stelling wat die pers sodanig verdraai het dat hy sou gesê het dat hy homself en sy jongste dogter Maria om die lewe sou bring. Nadat die polisie aangekondig het dat hulle 'n ondersoek teen Radio Donkerhoek van stapel sou stuur, het die staat se magte onverrigtersake weer teruggetrek.

'n Amusante staaltjie, wat 'n mens terselfdertyd tot nadenke stem en op ware feite berus, is die volgende: Op Dinsdag 18 Junie 1996 is "Doep" van Pretoria om 02:45 in die oggend deur die polisie wakker gemaak. Deur die slaap het Doep die deur oopgemaak en die polisiemanne hoor sê dat sy motor gesteel, maar intussen weer gevind is. Wat het gebeur? In daardie selfde nag het 'n

swart dief Doep se motor oopgebreek en weggejaag. ‘n Rukkie later is hy egter deur ‘n insleepvoertuig ingehaal wie se Boerebestuurder bly was om die Vierkleurplakker op Doep se motor te sien - maar veral oor die stelling daaronder: “Ons ondersteun Radio Donkerhoek”. Toe hy nou Doep se motor inhaal en vriendelik wil groet, sien hy pleks van die vermeende Radio Donkerhoek-luisteraar ‘n swarte agter die stuur - iets wat vir hom maar bra verdag voorgekom het. Daar en dan sit die Boer voet in die hoek, jaag by Doep verby en gooi ‘n es reg voor hom. Die dief moes baie skielik stop, gooi die deur oop en vlug. Oor die radio roep die Boer die polisie in, wat saam met Doep daar opdaag en daarin slaag om die dief vas te trek. Kan ‘n mens die moraal van hierdie storie so interpreteer dat ‘n duidelike politieke standpunt in onsekere tye jou eiendom beskerm?

Op 7 Augustus 1995 het kommandant Ratte Nelson Mandela formeel by die Polisiehoofkwartier in Pretoria aangekla vir drie-en-vyftigvoudige moord. Tipies het die prokureur-generaal hom wel bemoei met die saak rondom Radio Donkerhoek, maar het hy baie minder daarin belang gestel om by die Shell House-saak - ‘n massamoord - betrokke te raak.

Fort Schanskop

Toe president De Klerk aan die einde van 1993 finaal met die Suid-Afrikaanse politiek gebreek het, ‘n veelrassige oorgangsraad daargestel het wat oorwegend kommunisties beïnvloed en sodoende die tradisionele Suid-Afrika beëindig het, het kommandant Ratte die wanhopige poging aangewend om deur so ver moontlik vreedsame protesaksies die aandag op die uitverkoop van die Boere te vestig. Hiervoor het hulle Fort Schanskop uitgesoek, wat nie ver van die Voortrekkermonument geleë is nie en wat ‘n pragtige uitsig oor Pretoria bied. Op 7.12.1993, om vyfuur die oggend, het kommandant Ratte met ‘n sowat dertig getroues van die Boerekommando die historiese vesting ingeneem. Hulle het die wagte aan die slaap getref, hulle wakker gemaak en hul wapens afgeneem. Vir joernaliste het Ratte gesê dat die besetting ‘n simboliese handeling is: “Hierdie stuk grond lê buite die Azaniese magsbereik. Dit is deel van die Boere-erfenis en niemand anders kan daarop aanspraak maak nie.” Vir Ratte het dit nóg om ‘n gewelddadige konfrontasie met die regering, nóg om ‘n staatsgreep gegaan. Sy daad was eerder ‘n vreedsame protesaksie.

Die Boerekommando was daarop voorbereid om ‘n helder baken daar te stel. Hulle het voorsien dat die krag- en watertoevoer binnekort afgesny sou word. Dit het die Suid-Afrikaanse weermag inderdaad reeds dieselfde namiddag gedoen. Ratte se soldate was toegerus met slegs gelisensieerde

pistole en gewere asook ‘n groot hoeveelheid ammunisie en radio’s, slaapsakke, droë rantsoene, waterkanne, batterye, gasstowe, ‘n kragopwekker, mediese en ander voorrade - voldoende om baie dae die fort te kan hou.

Om 8:30 die oggend het die polisie die swart 115 Bataljon te hulp gesnel. ‘n Hele brigade polisiemanne en soldate het die dig begroeide heuwel beset en stelling ingeneem. Die Noord-Transvaalse militêre eenhede was op die hoogste gereedheidsgrondslag. Kommandant Ratte was van die begin af aan oortuig dat die veiligheidsmagte wat die fort omsingel het nie sou kon waag om geweld teen die bele‘rdes te gebruik sonder om hulself daarmee in ‘n gevaarlike politieke posisie te plaas nie. Hy was seker dat hy die beleg baie dae lank sou kan volhou. Niemand is tydens die besetting beseer of selfs gedood nie; met een uitsondering: Teen 10 uur soggens het Percy Bouwer en Werner Theron gaan verkenning doen en die FOP-Mynfeld geïnspekteer. Toe hulle agter ‘n bos deur twee swart 115 Bataljon-soldate opgemerk word, het hulle skielik opgestaan. Albei swart soldate het so groot geskrik dat die een die ander in die harwar terwyl hulle weghardloop in die been geskiet het met sy R5 geweer. Dit is dan ook die enigste skoot wat ooit in die geskiedenis van Fort Schanskop afgevuur was.

In die loop van die dag het dosyne simpatiseerders opgedaag wat met Suid-Afrikaanse vlae en die Vierkleur hulle solidariteit met die beleërdes kom betuig het. Daaronder was ook vroue wat in tradisionele Voortrekkerdrag gekom het. In die nag van 7 - 8 Desember het generaal Constand Viljoen dit egter reggekry om by die besetters toegelaat te word. Viljoen was deurgaans uiters gewild by al die troepe, onder andere omdat hy as opperbevelvoerder van die weermag nie sy troepe van agter sy lessenaar gelei het nie, maar vanaf die voorfront. Daarbenewens was hy in hierdie stadium voorsitter van die Afrikaner Volksfront, wat onder andere voorgegee het dat dit die belange van die Boere beskerm het en geensins ‘n oorname deur kommuniste en die ANC sou toelaat nie. Daarby was die Boerekommando deel van Viljoen se Volksfront. Viljoen het met Ratte en sy manne gepraat, wat die generaal om bogenoemde redes op daardie stadium nog as opreg beskou en as militêre hoof aanvaar het. Die generaal het hulle aangeraai om die besetting op te gee en belowe dat die Boerekommando nie gestraf sou word nie. Inderwaarheid het die generaal die Boere onder sy bevel geplaas, waarteen Ratte as ondergeskikte niks kon doen nie. Die meeste manne het dus besluit om die besetting te beëindig en die fort om 04:07 aan die polisie oorhandig. Hulle wapens is nie afgeneem nie, omdat, soos die polisiewoordvoerder luitenant Dave Harrington die pers meegedeel het, “die wapens sonder uitsondering gelisensieerd was”. Ander manne soos

byvoorbeeld Jan Bezuidenhout en Raymond Rademan kon dié besluit egter nie aanvaar nie. Hulle het dus die fort verlaat en kon suksesvol ontsnap.

Kommandant Ratte kon homself nie versoen met die resultaat van die onderhandelinge met Viljoen nie; dit het teen sy gewete ingedruis. Vir hom het dit gestink na verraad. Hy was bitter ontnugter en steeds oortuig dat hy en sy manne die fort langer moes beset het, om die volk te mobiliseer en die wêreldmening bewus te maak van dit wat op die punt gestaan het om Suid-Afrika in besit te neem. Om hierdie rede het kommandant Ratte nog in dieselfde nag, in gietende reën, uit die fort padgegee. En hy het dit ook reggekry om tussen die polisie en weermag se massiewe stellings deur te glip. Op die vraag hoe hy hierdie toertjie uitgehaal en die massiewe mannekrag omseil het, het die ervare bosvegter enkele jare later, op die 53ste dag van sy hongerstaking, beskeie geantwoord dat hy niks van hierdie strydmag gesien het nie. Die veiligheidsmagte van die staat het verward rondgeskarrel. Militêre eenhede - die media het gepraat van minstens 150 soldate, insluitende die Special Task Force - het die heuwelagtige terrein meter vir meter ure lank deursoek, bygestaan deur helikopters. Die soektog het dae lank voortgeduur - sonder sukses. Kommandant Ratte het spoorloos verdwyn. Nog erger: Op 10 Desember het hy op Radio Pretoria ‘n toespraak gemaak waarin hy sy voorneme bevestig het om homself nooit aan die polisie oor te gee nie, aangesien die polisie deur die Oorgangsraad beheer word, wat hy as ‘n plaasvervanger vir die kommuniste beskou het. Vir sy vrywillige oorgawe het hy in sy toespraak vyf voorwaardes gestel:

- Eerstens moet die ANC-Jeugleier Peter Mokaba vir volksmoord gearresteer en aangekla word.

- Tweedens moet die voorsitter van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, Joe Slovo, sowel as die militêre hoof van die ANC, Joe Modise, aangekla word van terrorisme, veelvuldige moord en die rampspoedige bomontploffing in 1983 in Kerkstaat, Pretoria, waarby 19 mense omgekom het.

- Derdens moet al die deelnemers aan die moord op die Amerikaanse student Amy Biehl gearresteer en tereggestel word.

- Vierdens moet die ANC-ondersteuners wat in die openbaar verbode wapens dra, soos ‘n video-opname van die Inkatha-Vryheidsparty onlangs bewys het, krimineel vervolg word.

- Vyfdens moet dieselfde oordrewe en ongeregverdigde maatreëls wat die veiligheidsmagte by Fort Schanskop gebruik het teen moordenaars, brandstigters, rowers en ander kriminele elemente ingespan word.

Dit is bekend dat hierdie voorwaardes nie vervul is nie. Dus was daar vir kommandant Ratte ook geen rede om homself oor te gee nie. Vastrek kon hulle hom ook nie. Die soektog het nog dae lank aangehou, totdat die wakkere veiligheidsmagte belangstelling verloor en die soektog gestaak het. Intussen is die soldate van die Boerekommando met R100 elk beboet en vrygelaat. Daarmee het dit dus gelyk asof die saak afgehandel was.

Veroordeling en hongerstaking: die motief

Twee dae later het die polisie egter ‘n geslote kamer binne die museum ondersoek. Kommandant Ratte kon geen toegang tot die museum gehad het nie, aangesien die sleutels volgens voorskrif die hele tyd in die besit was van Ratte se opponent, die Suid-Afrikaanse Leër, op daardie stadium die beskermheer van die museum. Tipies was dit die seun van generaal Viljoen, luitenant-kolonel Piet Viljoen, wat as diensdoende offisier die enigste was wat toegang tot die sleutels gehad het. In die betrokke kamer is onder andere landmyne, ammunisie en verskeie soorte militêre toerusting ontdek. Alhoewel die staatsaanklaer nooit kon bewys dat kommandant Ratte hom skuldig gemaak het aan die onwettige besit van wapens en ammunisie nie, is hy nogtans daarvan aangekla. Willem Ratte het beklemtoon dat hy niks met hierdie vonds te doen gehad het nie, maar hy het geen illusies oor die verloop van die hofsaak gehad nie. Op 6 September 1994 het hy, op grond daarvan dat hy die hof se gesag nie erken nie, geweier om in die geregshof in Pretoria iets tot sy verdediging aan te voer. In die verhoor, wat die volgende jaar ‘n aanvang geneem het, het luitenant Leon van Heerden, woordvoerder van die polisie se bomopruimingseenheid, getuig dat hy op 9 Desember van die vorige jaar in ‘n kamer onder andere handgranate en ammunisie gevind het wat agter lemoen- en mieliesakke weggesteek was. Verder het Van Heerden getuig dat hy die plofstof- en ammunisievonds nie in verband met die soldate van die Boerekommando wou bring nie. Hy het ook toegegee dat kommandant Ratte nie teenwoordig was toe die ammunisie gevind is nie. Daarop het regter M.C. de Witt die saak ‘n paar keer verdaag, tot hy op 3 Mei 1996 kommandant Ratte daaraan skuldig bevind het dat hy tydens die simboliese besetting van Fort Schanskop onwettig in besit was van wapens, plofstof en ammunisie, en ‘n waansinnige vonnis opgelê: 20 jaar gevangenisstraf, waarvan 15 jaar opgeskort is.

Hierdie eenvoudig waansinnige vonnis het die PRETORIA NEWS daartoe beweeg om spottend op te merk dat De Witt op grond van die persoonlike verbale aanvalle wat kommandant Ratte tydens die verhoor op hom gedoen het die straf nog groter kon gemaak het. Alan Dunn, hoofredakteur van die koerant, het ook nie geskroom nie om in sy polemiese kommentaar op te merk dat kommandant Ratte nou genoeg tyd sou hê om oor die dwaasheid van die Schanskop-optrede na te dink.

Kommandant Ratte, vader van vier kinders, naamlik Christina (*1982 in Windhoek), Wimpie (*1984 in Windhoek), Johannes (*1988 in Kaapstad) en Maria (*1990 in Phalaborwa), is na die uitspraak in die maksimum-afdeling van die Sentrale Gevangenis in Pretoria geplaas. Sedert 3 Mei bevind hy hom in eensame opsluiting en is hy op ‘n hongerstaking. Hy het homself geestelik op hierdie staking voorberei, net soos hy al sy optredes deurdink en beplan. Hy het ‘n paar boeke oor gevangenes gelees wat uit protes op hongerstakings gegaan het. Hier kan eerstens die Ierse gevangenes genoem word wat in die twintigerjare in Britse gevangenskap weke en maande lank geprotesteer het sonder om voedsel in te neem. Die Wêreldgesondheidsorganisasie se Malta-verklaring van November 1991 verbied dokters om stappe te doen om hul pasiënte te red indien hulle dienooreenkomstige maatreëls getref het. Hierdie reël geld selfs wanneer die pasiënt in ‘n koma val. En hierdie gevaar bestaan sedert die agste week van sy hongerstaking.

Op Maandag 6 Mei is kommandant Ratte oorgeplaas na die Zonderwater-gevangenis, 50 kilometer noord van Pretoria. In hierdie stadium het kommandant Ratte deur die woordvoerder van die strafvoltrekkingspersoneel, Koos Gerber, laat weet dat hy buiten sy prokureur en sy vertroude dokter niemand wou sien nie. Eers weke later het die kommandant enkele persone toegelaat om hom te besoek. Sy vrou en kinders wou hy egter nie sien nie, omdat hy, soos hy gesê het, enige moontlikheid dat sy vasbeslotenheid kon verswak by voorbaat uit die weg wou ruim.

Op 13 Junie het die skrywer laat die oggend in die wagkamer vir besoekers gesit en wag om by Willem Ratte weereens toegelaat te word. Na ‘n rukkie het die diensdoende offisier kom sê dat hy twee uur later weer moet kom, aangesien die premier van die provinsie Gauteng, Tokyo Sexwale, opgedaag het, en sulke hoë besoek natuurlik voorrang geniet. Toe die skrywer na die genoemde tyd weer in die wagkamer sit, het dieselfde offisier hom meegedeel dat kommandant Ratte nie meer in Zonderwater is nie maar intussen oorgeplaas is. Dis onnodig om te sê dat die premier natuurlik glad nie daar was nie; dis in elk geval te betwyfel dat kommandant Ratte hom hoegenaamd sou ontvang het.

Wat het werklik gebeur? Die owerheid was bang vir die gewelddadige bevryding van die kommandant deur sy aanhangers. Strydig met die Geneefse Konvensie, wat onder andere bepaal dat ‘n gevangene onvervoerbaar verklaar word as sy gesondheid te swak is om hom oor te plaas, is kommandant Ratte teen 11:30 sonder vooraf konsultasie met sy dokter of sy prokureur per helikopter terugverplaas na die maksimumsekuriteitsafdeling in Pretoria. Daar bring gevangene 96623970 in sel C 1 sedertdien die een dag na die ander deur, onder sy eie ysterdissipline.

Kommandant Ratte verduidelik sy motief:

Die regstelsel van die dag meet met ‘n dubbele maat. Terwyl vermeende of werklike misdade wat deur Boere of Zoeloes begaan is swaar gestraf word, kom kriminele van die ANC of die Kommunistiese Party skotvry daarvan af - of kom nie eens voor die hof nie. Opperste voorbeelde hiervan is die bomontploffing van 1983 in Kerkstraat, Pretoria, en die Shell House-moorde op 53 Zoeloes in Johannesburg 2 jaar gelede. Hierdie bomaanval, waarin sowel blankes as swartes hul lewe verloor het, was niks meer as ‘n mensveragtende daad van terreur nie. Die terroriste het opsetlik hul bomme in ‘n Pretoriase hoofstraat met druk motor- en voetgangerverkeer geplaas, spesifiek met die doel om mense ongeag hul ras of politieke oortuiging dood te maak. Die man wat die knoppie gedruk het was Ronnie Kasrils. Daar is ook bewyse dat Nelson Mandela persoonlik die bevel gegee het om op die betogende Zoeloes te skiet. FW de Klerk het as destydse staatspresident voorkom dat die polisie onmiddellik opgetree het en ook die daaropvolgende ondersoeke bemoeilik. Inderwaarheid is die daders van albei misdade, dit wil sê die verantwoordelikes agter die skerms, tot op hede nie tot verantwoording geroep nie. “En dit is die kwesbare punt van die huidige regime. Hulle weet heel presies waaraan hulle aandadig is en probeer nou om ongeskonde daarvan af te kom deur die reg te buig. Liewe vriende, bly druk op hierdie kwesbare punt!”

Kommandant Ratte protesteer met sy hongerstaking nie net teen ‘n verdraaide regstelsel nie. Hy wil bo alles sy nasie wakker skud. Die Boere het hulle vryheid verloor en leef tans onder die toesig van ‘n sowjetagtige stelsel wat juis vir Willem Ratte sy ware gesig wys. Willem Ratte se eise is billik en reg. Dit gaan om die erkenning van die selfbeskikkingsreg van volkere, aangesien slegs op daardie basis ‘n menslike samelewing in geregtigheid, vrede, waardigheid en liefde moontlik is. Miljoene mense in Europa en in Voor-Asië eis niks anders as dit nie. Miljoene, waaronder die Estlanders, Letlanders, Litauers, Tsjegge, Slowake, Oekraïners, Witrusse, Kroasiërs, Sloweniërs en baie meer het hierdie waardige doel bereik. Soms deur bloedige stryd. Kommandant Ratte roep die Boerevolk nie minder op as wat ander volkere internasionaal toegestaan word nie. Daarby het

Willem Ratte nie een keer in sy lewe tot geweld opgeroep nie. Tot dusver is geweld nog net teen hom gebruik.

Reaksies

In die eerste weke na die vonnis het die media grotendeels daaroor geswyg. Teen die middel van Mei het die voorsitter van die Konserwatiewe Party, Ferdi Hartzenberg, aangedring op ‘n ontmoeting met Nelson Mandela om die Ratte-geval te bespreek.

- Op 25 Mei het voormalige lede van die offisiers- en onderoffisierskorps onder leiding van hulle woordvoerder, Louis Bothma, begin met die protesoptogte wat daarna feitlik daagliks plaasgevind het. Die voormalige uitsoeksoldate het uit alle dele van Suid-Afrika gekom - een vriend selfs uit Zambië - om hul solidariteit met hul vroeëre aanvoerder te betuig. Toe die optog, vergesel deur die pers en televisie, deur (blanke) polisie toestemming geweier word om die protesoptog op die terrein van die setel van die regering deur te voer, het die betogers by die Hertzog-monument byeengekom en die petisie voorgelees wat hulle aan ‘n afgesant van die Departement van Justisie (wat met re‘nboogstiptelikheid opgedaag het) oorhandig het. Die afgesant het belowe om die oproep deur te gee. Ten slotte is *Die Stem* gesing. In hul oproep aan hul voormalige bogeskikte het hulle Willem Ratte versoek om sy hongerstaking te los. Die strydmakkers van 32 Bataljon het gesê: Willem, jou dood baat ons nie naastenby soveel soos jou lewe nie. Ons wil jou weer sien, maar nie in jou doodskis nie.
-
- Op 26 Mei het ongeveer 300 familielede en vriende van Ratte, onder andere lede van die Boerekommando en 32 Bataljon, vir ‘n voorbiddingsbyeenkoms in Zonderwater saamgetrek wat hulle met *Die Stem* afgesluit het.
-
- Op 27 Mei het die polisie bekend gemaak dat kommandant Ratte te swak is om sy hofsaak oor die onwettige bedryf van Radio Donkerhoek by te woon. Die saak is tot 28.10.1996 uitgestel.
-
- Op 28 Mei het die voorsitter van die Vryheidsfront, Constand Viljoen, die situasie met die Minister van Justisie, Dullah Omar, bespreek. In hierdie gesprek het Viljoen gewaarsku dat

kommandant Ratte ‘n martelaar van homself sou maak indien hy in gevangenskap sterwe. Omar het te kenne gegee dat hy van die situasie bewus is.

-
- Op 29 Mei het Nelson Mandela bekend gemaak dat die versoeke en eise rondom Willem Ratte voorkeur sou geniet en belowe dat hy spoedig ‘n antwoord gereed sou hê.
-
- Op 31 Mei, die Republiekdag van die nie-kommunistiese Suid-Afrika, het meer as 100 volgelinge van die Verwoerd Vryheidsoffensief in Verwoerdburg byeen gekom. Hulle het die vrylating van kommandant Ratte geëis en in die loop van hul protes die amptelike vlag van die “nuwe” Suid-Afrika verbrand. ‘n Menigte (ou) Suid-Afrikaanse vlae asook die Vierkleur is geswaai.
-
- Op 5 Junie het Robert van Tonder, Voorsitter van die Boerestaatparty, die owerhede gewaarsku om nie ‘n martelaar van kommandant Ratte te maak nie. Die ondenkbare vonnis van Willem Ratte het die hele regstelsel blootgestel en dit terselfdertyd belaglik gemaak.
-
- Op 6 Junie is ‘n vryheidskomitee vir kommandant Ratte saamgestel. Bykans 100 verteenwoordigers van die toonaangewendste Afrikaanse kultuurorganisasies en partye het in Silverton bymekaar gekom en die interpartykomitee *Red Willem Ratte* gestig. Die byeenkoms is ingelui deur die aflesing van ‘n brief van kommandant Ratte, waarin hy dit duidelik gestel het dat hy homself nooit aan die regime sou onderwerp nie, dat alle betogings en optredes vir sy onvoorwaardelike vrylating vreedsaam moet verloop en dat hy slegs op sekere voorwaardes bereid sou wees om sy hongerstaking te beëindig:

1. óf F.W. de Klerk, Ronald Kasrils, Nelson Mandela en Constand Viljoen word op grond van regsverydeling (Shell House), moord (Kerkstraat) en sabotasie (instelling van die oorgangsregering en die 1994-stemming) eweneens strafregtelik vervolg,

2. óf al diegene wat uit politieke oortuiging opgetree het en daarvoor veroordeel is, word vrygespreek en vrygelaat,

3. óf ons volk kry êrens in Suid-Afrika sy vryheid terug, wat van hom gesteel is en wat hom ontsê word.

Die komitee, wat uit sewe woordvoerders saamgestel is (Bert van Rensburg, Frits Meyer, Edwin Clarke, Willie Snyman, Raymond Rademan, G. Venter en die voorsitter kolonel Dawid Grobbelaar), sien homself as ‘n vereniging wat nie aan enige party verbonde is nie en wie se leuse die vrylating van kommandant Ratte is, ‘n doelwit wat deur groter druk op die regering deur middel van internasionale persverklarings, massabetogings en vreedsame, d.w.s. geweldlose protesaksies bereik moet word. Die boodskap wat aan Nelson Mandela gerig is was dat indien kommandant Ratte nie voor 15 Junie onvoorwaardelik vrygelaat sou word nie, daar van nou af met massabetogings rekening gehou sou moet word. Aan die Boere het Grobbelaar gesê dat as hulle, Willem Ratte se vriende, nie in hul duisende verskyn nie, die regering die aksie sou ignoreer. Buitendien sou dit beteken dat die volk dan gekapituleer het.

- Op 7 Junie teen 08:30 het mevrou Zaanzie Ratte met haar vier kinders ‘n petisie by die Switserse ambassade ingedien. Die Switserse diplomate het haar tegemoetkomend en vriendelik behandel. Die oorhandigde dokument lees soos volg:

  “Toe president De Klerk in Desember 1993 finaal met die tradisionele Suid-Afrikaanse politiek gebreek en ‘n oorgangsregering saamgeroep het, het my man, Wilhelm Friedrich Ratte, sonder geweld met ‘n handvol getroues die museum Fort Schanskop, naby die Voortrekkermonument, beset. Dit het vir hom nie gegaan om ‘n gewelddadige konfrontasie met die regering nie, en nog minder het hy ‘n staatsgreep probeer uitvoer. Sy daad was veel eerder ‘n vreedsame protesoptrede in die naam van menslikheid en bekommernis. Niemand is in die besetting gewond of selfs gedood nie. Na enkele dae het my man die museum aan die staatsveiligheidsmagte oorgegee. Hy en sy getroues is, soos ooreengekom, nie gestraf nie.
  Twee dae later het die polisie egter ‘n toegesluite kamer binne die museum ondersoek. My man kon geen toegang hiertoe gehad het nie, omdat die sleutels volgens voorskrif die hele tyd in die besit van die Suid-Afrikaanse le‘r was, die beskermheer van die museum. In die genoemde kamer is onder andere landmyne, ammunisie en verskeie stukke militêre toerusting gevind. Daarop is my man, hoewel die staataanklaer geen bewyse hiervoor kon vind nie, van ongeoorloofde wapen- en ammunisiebesit beskuldig. My man het geloofwaardig getuig dat hy niks met hierdie vonds te doen gehad het nie. Hy is nogtans aangekla en na ‘n hofsaak van twee en ‘n halwe jaar ‘op grond van aanduidings’ op 3 Mei tot effektiewe gevangenisstraf van 5 jaar veroordeel Op dieselfde dag het my man, die vader van vier kinders tussen 5 en 13 jaar oud, met ‘n hongerstaking begin, met die doel om

wêreldwyd te protesteer nie net teen hierdie matelose vonnis nie, maar ook teen die huidige uiters twyfelagtige regspleging (...) My man is alles behalwe ‘n rassis. Sy lewe word bepaal deur ‘n uitgesproke Christelike menslikheid, wat hy as offisier effektief in die praktyk omgesit het. Sowel die swart soldate as die inboorlinge, wat hom oneindige dank verskuldig is, het hom nie vergeet nie. As voorbeeld van die beoefening van sy menslikheid kan hier die Ombili-stigting genoem word, waarvan hy een van die medestigters was. Dit is ‘n hulpverleningstigting vir die beskerming van die regte van die Boesmans. Dat die laaste oerinwoners van suidelike Afrika hul eiesoortigheid kon behou en tot die huidige dag kon oorleef, is nie in die laaste plek nie aan hierdie betrokkenheid te danke.

In die naam van menslikheid en geregtigheid versoek ek u om sover dit binne u vermoë lê in die Willem Ratte-geval tussenbeide te tree. Daar is min tyd. My man, wat gedurende sy politieke aksies nooit iemand beseer, om nie te sê gedood het nie, sal binnekort sterf indien daar nie dadelik internasionale druk op die mensveragtende vonnis uitgeoefen word en hy vrygelaat word nie.”

Teen 09:00 wou mevrou Zaanzie Ratte dieselfde teks by die Duitse ambassade afgee. Maar instede haar in die gebou in te nooi, soos dit onder beskaafde mense hoort, kon ‘n gesprek bloot deur die interkom gevoer word. Hulle het mevrou Ratte en haar vier kinders op straat laat staan en voorgegee dat meneer die ambassadeur op die oomblik in Kaapstad is. Op die vraag of die waarnemende ambassadeur Mevrou Ratte se petisie in ontvangs sou neem is daar - na ‘n rukkie wag - geantwoord dat laasgenoemde geen kommentaar lewer nie. Daarmee is die hulpsoekendes op straat laat staan.

Hierdie skandalige gedrag kon natuurlik nie aanvaar word nie. Daar is per kerende pos skriftelik by die ambassade beswaar aangeteken asook by dié se hoofkantoor, die departement van buitelandse sake in Bonn. Binne enkele ure het die Duitse ambassade se permanente verteenwoordiger, Alexander Petri, volledig verskoning gemaak:

“Ek was in ‘n dringende vergadering, waarna ek onmiddellik ‘n ander afspraak buite die ambassade gehad het. In die middel van hierdie bespreking is ek bloot meegedeel, dat daar ‘iemand’ is wat met my oor die geval Ratte wil spreek. Ongelukkig is ek nie meegedeel dat dit om die oorhandiging van ‘n petisie gegaan het of dat mevrou Ratte persoonlik gekom het nie. Ek verseker u: as ek dit geweet het, sou ek vanselfsprekend die bespreking onderbreek en mevrou Ratte sonder versuim ontvang het, om haar petisie te ontvang. Ek sou u baie dankbaar wees as u my verskoning vir hierdie

voorval aan mevrou Ratte sou wil oordra. U petisie sal ek ter aanvulling van u kort brief aan die minister, Dr Kinkel, aan die Departement van Buitelandse Sake deurstuur."

Kon 'n mens hierdie verskoning glo? Zaanzie Ratte het - aanvanklik. Maar die beroerde gedrag van die Duitse diplomate is bevestig: ten spyte van twee versoeke is daar verder niks meer van die eerwaardige verteenwoordigers van die 'mees vryheidsbewuste regstaat wat ooit op Duitse bodem bestaan het' gehoor nie. Sulke gedrag, kenmerkend van Bonnse Duitsers, kan nie anders beskryf word as wat dit is nie: pynlik en veragtelik.

- Op 8 Junie het meer as 600 vriende van Willem Ratte met meer as 150 motors twee uur lank die snelweg tussen Krugersdorp en Pretoria versper en die onvoorwaardelike vrylating van kommandant Ratte geëis.

- Op 10 Junie het Dullah Omar beweer dat hy as Minister van Justisie nie in die saak van kommandant Ratte kan ingryp nie, omdat dié korrek en regmatig deur 'n hof veroordeel is. In die aand van dieselfde dag het meer as 100 vriende van Willem Ratte kort voor sluitingstyd 'n Pick 'n Pay-tak binnegestroom en 'n massa winkelwaentjies met lewensmiddele en ander produkte volgepak. Met die boordevol waentjies het hulle op die kasregisters toegesak, die voerbande volgepak en as "betaling" vlugskrifte uitgedeel waarin Ratte se vrylating geëis is. Geen lewensmiddele is beskadig of verwyder nie; die bedryf is net voor verskeie joernaliste en voor lopende televisiekameras lamgelê. En elkeen het geweet waarom dit gaan.

- Op 11 Junie het Nelson Mandela dit nodig geag om in die media te sê dat hy die gedrag van die "radikale regses" en hulle houding om aan hom eise te wil stel ten sterkste veroordeel.

- Op 12 Junie het hy selfs gedink dis nodig om te suggereer dat hy glad nie in die Ratte-aangeleentheid kan inmeng voordat alle regsmiddele nie uitgeput is nie. Dat 'n uitputting van alle oorblywende regsmiddele maande sou duur en kommandant Ratte dan lankal sou dood wees het meneer die president gerieflikheidshalwe verswyg.

Inderdaad het daar vanuit parlementêre kringe 'n moontlike opsie vir die vrylating van kommandant Ratte bekend geword: As hy weer begin eet, sou 'n verskuiwing van die algemene amnestiedatum oorweeg word. Hoe genadig! Willem Ratte is 'n man van die daad, 'n man wat by

sy woord staan. Dit is bekend dat sulke wonderlike mense vandag skaars nog bestaan. Wie is verbaas wanneer kommandant Ratte die knegte van die stelsel toeroep: "Nee, eers word die algemene amnestiedatum tot in 1994 verskuif, en daarmee word alle politieke gevangenes vrygelaat, en dan begin ek eet; nie andersom nie."

- Op 13 Junie het die provinsiale koerant THE CITIZEN, wat ook in die buurlande versprei word, in sy kommentaar geskryf dat die kwessie van kommandant Ratte besig is om tot 'n groot dilemma te ontwikkel. Dat Ratte in hierdie stadium reeds vyf weke lank op 'n hongerstaking was, was voldoende bewys daarvoor dat hy iemand is wat hom deur buitengewone vasberadenheid onderskei. Hy was vasbeslote om selfs sy eie lewe daarvoor te gee om te protesteer teen sy vonnis, wat inderdaad oordrewe was. Die regering kan dit weliswaar bekostig om die proteste tot dusver te ignoreer, maar kommandant Ratte se dood kon hulle nie bekostig nie. Dit sou vir president Mandela raadsaam wees om kennis te neem van die gedrag van sy eie volgelinge en hulle bondgenote, veral sedert die ANC aan die bewind gekom het. Die kommentaar sluit af met 'n pleidooi vir Willem Ratte se vrylating, aangesien die kommandant se dood ernstige gevolge sou hê. Die oorgrote meerderheid van die briewe aan die koerant het hierdie mening onderskryf.

  Die aand van 13 Junie het omtrent 100 vriende van Willem Ratte wat kwaad was oor die beriggewing in BEELD, RAPPORT en die PRETORIA NEWS voor die redaksiegebou van BEELD betoog. In navolging van die historiese klipstapeling by Paardekraal het hulle op 'n brandstapel van rotsblokke die "nuwe" Suid-Afrikaanse vlag verbrand, wat hulle net daarvoor by die Departement van Vervoer langsaan afgehaal het.

  Op dieselfde dag het seker die gemeenste en lasterlikste berig tot dusver in die hele persveldtog rondom kommandant Ratte in die PRETORIA NEWS verskyn. Op die basis van 'n gesprek wat die nuusspan Carel Lessing en Lynne Altenroxel die vorige dag met Zaanzie Ratte gevoer het, het die koerant beweer dat die gevangene se eggenote haarself distansieer van die manier waarop haar man se vriende poog om die kommandant se vrylating te bewerkstellig. Dié bewering was 'n leuen. Zaanzie Ratte het onmiddellik 'n apologie geëis sowel as 'n gepaste regstelling. Dié het egter nie verskyn nie.

- Op 14 Junie het die Duitse weekblad JUNGE FREIHEIT geskryf dat, vir die eerste keer sedert die algemene verkiesing van 1994, die Boere in opposisie weer en masse op die

voorgrond sou tree en dat dit gelyk het asof die fatale partypolitieke skeuring oorkom is. “Die gesamentlike optrede vir Willem Ratte oor partygrense heen sou ‘n nuwe tydperk in die Boere se stryd om selfbeskikking kan wees (...) Indien Ratte in die gevangenis sou sterf, is ‘n eskalasie van die protes nie uitgesluit nie.” Op dieselfde dag het die Suidwes-Afrikaanse dagblad DIE REPUBLIKEIN geskryf dat die Nasionale Vereniging vir Menseregte, wat in Windhoek gesetel is en noue bande met Amnesty International het, die onmiddellike vrylating van Willem Ratte eis. Ander internasionale menseregte-organisasies, so is berig, het intussen ook by die aangeleentheid betrokke geraak.

- Op 15 Junie, die eerste dag van die sewende week van kommandant Ratte se hongerstaking, het tussen 2 500 en 3 000 vriende van Willem Ratte in Pretoria saamgetrek en in ‘n see van Suid-Afrikaanse, Duitse, Vlaamse en Nederlandse vlae, asook die Vierkleur, na die Sentrale Gevangenis opgeruk en deels in toesprake, deels deur die sing van vryheidsliedere die vrylating van kommandant Ratte ge‘is. Kenmerkend van hierdie massamonstering - wat binne slegs enkele dae georganiseer moes word - was dat alle betekenisvolle belangegroepe van die Boere twis en tweedrag begrawe en in een span getrek het. Ook die groot internasionale solidariteit met kommandant Ratte en die Boere was opvallend: petisies van verskeie kulturele en politieke Boereverenigings is by die gevangenisowerhede ingelewer, waaronder voorleggings uit die Duitse, Vlaamse, Nederlandse, Suidwes-Afrikaanse, Rhodesiese en Engelse volksgroepe. In die Duitse petisie het onder andere die volgende gestaan:

“Ons, wat hier die grootste deel van die Duitse bevolking in Suid-Afrika verteenwoordig, verklaar ons solidariteit met die eise van Willem Ratte, wie se moedertaal bowendien Duits is. Ons oortuiging het niks met ‘n partypolitieke stellingname te doen nie. Ons betrokkenheid is enkel en alleen gewortel in die besef dat daar vandag in Suid-Afrika meer as ooit tevore met twee mate gemeet word. Terwyl moordenaars en rowers wat voorgee dat hulle ‘n politieke vryheidstryd gevoer het, vandag nie strafregtelik vervolg word nie, maar inteendeel in die hoogste poste geplaas word, word ‘n man soos Willem Ratte, wat tydens sy werklik politieke en vreedsame protes in Desember 1993 niemand gewond of selfs gedood het nie, selfs nie eens ‘n verkeersregulasie oortree het nie, op grond van verdenking en aannames met ‘n matelose gevangenisstraf gestraf. Ons het nie die terreuraanslae soos dié in Kerkstraat in Pretoria in 1983 of die gemene Shell House-moorde in Johannesburg in 1994 vergeet nie, en ons sal hulle ook nooit vergeet nie. Reg moet reg bly! En ons het ook nie vergeet wat Willem Ratte vir Suid-Afrika gedoen het en tot vandag in sy eensame sel

vir ons almal deurmaak nie. Soos die Boere, die Zoeloes en ander volke in Suid-Afrika wil die Duitse volksgroep ook vry wees en gelukkig en in vrede lewe. Willem Ratte praat die taal van ons harte. Ons ondersteun dus in hierdie wete die vryheidsbeweging *RED WILLEM RATTE*. Meer as ooit tevore en bo alles verbind een gedagte ons met die Boere, en dié gedagte is Vryheid!"

- Op 18 Junie het Nelson Mandela in die Senaat verklaar dat Willem Ratte sy volle vyf jaar tronkstraf moet uitsit en dat dit nou tyd is dat die kommandant sy lot aanvaar en hom daarvoor regmaak. Hy sou hom ook nie laat afpers nie.

- Ten opsigte van die kommandant se eise het Dullah Omar op 19 Junie tydens 'n parlementêre debat wat oor televisie uitgesaai is die volgende gesê:
  "Hierdie eis dat president Mandela aangekla behoort te word is 'n belediging vir ons mense en vir almal wat vir demokrasie in ons land geveg het. Die eis dat die persone wat hier genoem word ook van die misdade wat hy genoem het aangekla moet word, is ook 'n belediging. Hulle is almal mense wat gehelp het om demokrasie na ons land te bring en wat al hul energie daaraan gewy het om demokrasie tot stand te bring."
  Omar, wat darem Minister van Justisie is, neem 'n merkwaardige houding tot 'n regstaatstelsel in. Per slot van rekening sê hy met ander woorde dat diegene wat die huidige toestand in Suid-Afrika veroorsaak het so te sê net so onaantasbaar is soos die hofnarre van weleer. Ongeag die metodes waarmee die "demokrasie" verwesenlik is en ingevoer kon word - moord, halssnoermoord, afpersing, sabotasie of ander kriminele maatreëls - die daders kom ongeskonde daarvan af omdat hulle kwansuis die lofwaardige ideaal van "demokrasie" nagestreef het. Maar terselfdertyd word diegene wat teen die totstandkoming van hierdie geluksalige toestand opgetree het, vervolg en gestraf. Die terroris Robert McBride, byvoorbeeld, is skuldig bevind aan die bomaanval in Magoo's Bar in Durban en driedubbele moord. Hy is nie net in die loop van die "versoening" begenadig nie, hy het selfs 'n setel in die parlement gekry, beklee tans die pos van waarnemende direkteur in die Departement van Buitelandse Sake en wag vir 'n oorsese diplomatieke pos. Die "nuwe" Suid-Afrikaanse regspleging, die meet met twee mate, lyk meer na die willekeurigheid van 'n piesangrepubliek as na die nastreef van geregtigheid.

- Op 20 Junie het die Londonse DAILY TELEGRAPH die aandag daarop gevestig dat Willem Ratte vasbeslote is om vir die menseregte van die Afrikaner te sterf.

- Op 21 Junie, toe die skrywer juis met Willem Ratte in die besoekersel gepraat het, is die deur onverwags oopgemaak en kom ‘n offisier van die gevangenispersoneel in. Hy maak verskoning vir die onderbreking en deel die kommandant mee dat Pik Botha versoek het om hom te besoek, en vra of hy hom wil sien. Die voorheen vriendelike gesig van die kommandant verduister onmiddellik, en net so onmiddellik het die antwoord gekom dat daar geen sprake van ‘n besoek deur Botha kan wees nie. Met hierdie boodskap het die offisier die sel verlaat. Na ‘n rukkie het kommandant Ratte weer geglimlag.

In die aand het ongeveer 100 vriende van Willem Ratte op die internasionale lughawe Jan Smuts in Johannesburg vir die kommandant se onvoorwaardelike vrylating betoog. Met hulle motors het hulle die toegangspad na die internasionale vertrekpunt versper.

- Op 23 Junie het die voorsitter van die parlementêre komitee vir korrektiewe dienste, Carl Niehaus, bespiegel oor gerugte wat die rondte doen dat kommandant Ratte glad nie net van water en elektroliet lewe nie, maar ook glukose inneem om die duur van die hongerstaking te verleng. Niehaus het die kroon op hierdie feitlik onoortrefbare volksopstokery geplaas toe hy ten slotte betwyfel het of kommandant Ratte hoegenaamd met ‘n hongerstaking besig is.

- Op 26 Junie, die 54ste dag van sy hongerstaking, was kommandant Ratte so swak dat hy nie meer kon opstaan om sy vertrouelinge in ‘n besoekersel agter pantserglas en tralies te ontvang nie. Hy het ‘n paar truie aan gehad, ‘n dik wolmus op sy kop, en was toegedraai in komberse; en hy kon net vir ‘n kort rukkie en baie sag praat.
  Enkele bekommerde mense neem die kommandant sy onbuigsame houding kwalik en reken hy is besig om selfmoord te pleeg, wat niemand behalwe die regime baat nie. Daar is onder andere tereg gesê dat, wat die pogings om kommandant Ratte vrygelaat te kry betref, die geregtelike weg tot dusver nóg uitgeput nóg uitgesluit is. ‘n Vraag wat homself as ‘t ware telkens weer opgedring het was hoekom Willem Ratte nie om borgtog aansoek doen nie. Toe hy in middel Junie daaroor gevra is, het Willem Ratte ewe bewonderenswaardig en begryplik as tragies geantwoord:

“Suid-Afrika word tans deur ‘n volksvreemde, oorwegend kommunistiese regime oorheers wat ek nie erken nie. Ek sit nie in arres op grond van ‘n kriminele oortreding nie, maar oor my politieke oortuiging.” Inderdaad is die omvang van die straf waartoe kommandant Ratte gevonnis is vergelykbaar met dié vir ‘n swaar misdaad, sê maar roof, verkragting of moord. Sulke

halsmisdadigers kry dikwels onder seker omstandighede toegewings, byvoorbeeld vrylating op borgtog. Kommandant Ratte weier om oor dieselfde kam geskeer te word as sulke antisosiale elemente! Willem Ratte het geen misdaad gepleeg nie, en hy wil ook nie die voordeel geniet van toegewings wat aan sulke misdadige elemente toegestaan mag word nie. Origens val amnestie of begenadiging in dieselfde kategorie. Nee, die ware misdadigers vorm saam met De Klerk, Kasrils, Mandela, Viljoen en baie andere die regering of is verteenwoordigers in die parlement. Hulle misdadige voetsoldate is in hul duisende deur De Klerk en Mandela vrygelaat. Suid-Afrika is vandag die land met verreweg die hoogste misdaadsyfers vir moord, diefstal, roof, verkragting of motorkaping. Die rand is buite sy eie monetêre gebied g'n duit meer werd nie. Die werkloosheidsyfer is so hoog soos nog nooit tevore nie. Suid-Afrika het tot 'n derdewêreldland gedegenereer. En nogtans, of miskien juis daarom, is daar twee faktore wat direk met kommandant Ratte verband hou.

Eerstens is daar die onvoorstelbare onvermoë van president Mandela om as staatsman op te tree. Wat 'n mens se houding teenoor die huidige bewind ook al is, internasionaal word dit beslis nie hoog aangeskryf nie. 'n Mens kan nie verstaan dat Mandela in die openbaar so min aanvoeling aan die dag lê nie. Hoeveel aansien en diplomatieke pluspunte sou hy nie vir homself kon wen nie as hy as werklike "versoeningspolitikus" sou optree en kommandant Ratte onvoorwaardelik sou vrylaat met die erkenning dat laasgenoemde 'n slagoffer van politieke justisie is! Pleks daarvan draai Mandela homself en andere 'n rat voor die oë en gee voor dat die saak nie in sy hande lê nie. Meneer die president moet nou regtig die grondwet van sy eie staat leer ken, want die grondwet gee hom sonder enige twyfel die reg om in te gryp. Instede daarvan gedra hy hom soos 'n kind. Hy kla by die media daaroor dat sekere mense hom net op sy van noem en nie as president aanspreek nie. Afgesien daarvan dat die amptelike woordvoerders van die *RED WILLEM RATTE*-komitee president Mandela as sodanig aanspreek, mondeling en op papier, en Mandela dus kerm oor 'n paar ongepoleerdes wat met die bogenoemde komitee niks te doen het nie en bloot op eie verantwoordelikheid en as privaat persone optree, moet daar gesê word dat Mandela vandag inderdaad die amp van president beklee. As 'n mens dit toegee, beteken dit nog glad nie dat 'n mens van hom en sy makkers moet hou nie.

Op hierdie 26ste Junie het Willem Ratte 'n voorbereide verklaring gedoen, waarin gesê word: "Indien ek tot die oortuiging sou kom dat die ander beskikbare regsopsies net so skeef sal wees as Landdros de De Witt se wan-uitspraak, dan gaan ek liewer voort met my eetstaking. Die Azaniese regime, met die bloed van so baie onskuldige wit en swart mense op sy hande, sonder dat die

skuldiges vervolg word, moet eers sy onreg en sy dubbele standaarde regstel voordat sy uitspraak en verklarings enige geloofwaardigheid kan hê.
Wat ek egter nie langer kan ignoreer nie, is my eie volk se versoeke. Indien dit bewys kan word dat die oproep aan my, om my eetstaking met borgtog te onderbreek, deur ‘n groot meerderheid van patriotiese volksgenote gesteun word, sal ek gehoor gee daaraan, - met dien verstande, dat die veldtog teen die skreiende onreg, wat nie net teenoor my nie, maar teenoor ons hele Volk, gepleeg word, met alle middele tot ons beskikking buite voortgesit sal word.”

Die mens Willem Ratte

Ons onthou nog dat onderoffisier Ratte in 1979 die Rhodesiese SAS verlaat en by die Suid-Afrikaanse weermag aangesluit het. Aletta de Clerq het in Salisbury agtergebly. Dit het baie lank geduur voordat sy weer iets van Willem gehoor het. Maar teen die einde van 1980 het die telefoon eindelik gelui. Wat Willem met Zaanzi bespreek het gaan niemand iets aan nie, maar dit was basies weer opruimingswerk - net hierdie keer baie romanties. Die opruiming was, soos by hom gewoonlik die geval was, geslaagd. In Maart 1981 het hy vir 24 uur na Zaanzi gevlieg en om haar hand gevra. In Desember 1981 het hulle getrou, en sedertdien het Zaanzi die lewe vol opwinding, maar ook vol ontberings gelei van ’n vrou aan die sy van een van die betekenisvolste offisiere wat die Suid-Afrikaanse weermag ooit gehad het.
Die meeste koerantberigte oor kommandant Ratte en sy aanhangers, of te wel diegene wat hulle vir sy vrylating beywer het, word gebruiklikerwyse vir “regse radikale” uitgekryt. Hierdie benaming is net so foutief soos wat dit opsetlik misleidend is. Willem Ratte was nooit partypolities georganiseer nie; hy het hom ook nooit partypolities uitgelaat of homself deur ’n politieke party laat bind nie. Die begrip “regse radikaal” is in Suid-Afrika, net soos in Duitsland, ’n “doodslaanargument” wat om geen ander rede gebruik word nie as om die opponent te belaster en hom sodoende uit te skakel. Kommandant Ratte is nóg terroris nóg ’n Neonazi. Kommandant Ratte is voorts alles behalwe ’n staatsgryper, soos duidelik blyk uit sy vreedsame protes in Desember 1993 en die werk wat hy daarna by verskeie plaaslike radiosenders gedoen het.

Werklik ernstige media gebruik dus die begrip Boer. Dit is naamlik hoe kommandant Ratte homself sien, en dis die volksgroep waaraan die meeste van sy aanhangers behoort. Die begrip Boer skyn in elk geval ook meer gepas te wees as die woord “regse radikaal”. Ons praat van toeka af byvoorbeeld van die Anglo-Boere-oorlog en nie van die Anglo-Regsradikale oorlog nie. Ons praat

van die historiese Boererepublieke Transvaal en die Oranje-Vrystaat en nie van die regsradikale Transvaal of die regsradikale Vrystaat nie. Ons eet boerewors, nie regsradikale wors nie.

In sy boek *They live by the sword* beskryf Jan Breytenbach Willem Ratte as ’n Suid-Afrikaner van Duitse herkoms en as ’n soldaat by uitnemendheid, wat sy liefde vir spesiale opdragte by die SAS geleer en dit op voorbeeldige wyse uitgevoer het. Weliswaar het kommandant Ratte, volgens Breytenbach, na die besetting van Fort Skanskop ontpop in ’n “naïewe en twyfelagtige politikus”. ’n Latere objektiewe geskiedskrywing sal toon dat dit Broederbonders soos Breytenbach was wat wêreldvreemd en twyfelagtig opgetree het, en nie geskiedenisbewuste idealiste soos kommandant Ratte nie.

Willem Ratte is alles behalwe ’n rassis. Sy lewe word gerig deur ’n uitgesproke menslikheid wat hy as offisier effektief in dade omgesit het. Willem Ratte is deur baie Ovambos, maar veral deur die Boesmans feitlik verafgood. Hulle praat vandag nog met die hoogste agting van hom; afgesien daarvan dat die honger Zoeloes wat aan die terreur in Kathlehong blootgestel was Willem Ratte se hulp beslis nie vergeet het nie.

Willem Ratte se vriende, en hier in die eerste plek die *RED WILLEM RATTE*-komitee asook die Duitstalige inligtingsblad DER SÜDAFRIKA-DEUTSCHE (wat verskeie kere per maand verskyn), roep in duisende, waarskynlik tienduisende briewe, fakse, pamflette, persverklarings en telefoonoproepe rondom die wêreld verantwoordelikheidsbewuste en vryheidsliewende mense op om die media te bestorm in die stryd om die vryheid van kommandant Willem Ratte. Die oproep het nie onbeantwoord gebly nie. Redaksies, verslaggewers en joernaliste tree reeds vir hom in, maar ook menseregte-organisasies, byvoorbeeld amnesty international in Bonn en Londen en die Nasionale Vereniging vir Menseregte onder die hulpvaardige leiding van meneer Phil ya Nangoloh. Baie media van alle beskaafde lande berig nou oor kommandant Ratte en sy stryd om die Boere se selfbeskikking en die herinstelling van die konstitusionele demokrasie in Suid-Afrika. Nogtans gee die huidige stand van sake geen rede om nou op te hou met ons pogings nie. Om die vrylating van kommandant Ratte en die internasionale erkenning van die volkereg te verwesenlik, wat ook vir die Boere geld, moet daar soveel harder gewerk word! Dit gaan om die lewensvraag van miljoene onderdrukte mense in Suid-Afrika. Dit gaan om reg en vryheid in Suid-Afrika.

Slotwoord

Willem Ratte het as ‘n jong man die veilige beroep van onderwyser prysgegee vir sy roeping om kommunisme te beveg. Hy het aangesluit by die Rhodesiese Weermag, waar hy later in die Rhodesiese S.A.S. opgeneem is. Deur jarelange uitstaande diens het hy later die *Wings on Chest* verwerf. Na die oorhandiging van Rhodesië‘ aan ‘n kommunistiese regering het Wilhelm hom by die Suid-Afrikaanse Weermag aangesluit, en is hy geplaas by die verkenningsvleuel van 32 Bataljon, waarvan hy die bevelvoerder was. Deur sy groot dapperheid het Willem die grootste agting en respek afgedwing van medesoldate en bevelvoerder en ook ‘n ongeëwenaarde reputasie verwerf. Nadat Suidwes óók oorhandig is an die kommunisme het Willem, op daardie stadium ‘n kommandant, opleidingsvleuelbevelvoerder van 5 Verkenningsregiment geword. Nie lank daarna nie, toe hy sien wat se politieke bedrog aan die gang is, het hy die Weermag verlaat.

Gedurende 1993 word Wilhelm genader om die bevel van die Pretoria Boerekommando Groep op te neem. Daar het hy die stryd teen die dreigende vreemde en kommunistiese oorname van Suid-Afrika sélf aangeknoop, wat op ‘n subtiele manier en deur politieke bedrog deur die Nasionale Party toegelaat en bevorder is in hierdie mooi land van ons.

Wilhelm het ‘n groot rol gespeel in die oprigting van Radio Pretoria, wat op 18 September 1993 begin uitsaai het. Terwyl hy verantwoordelik vir die beskerming van Radio Pretoria, het Willem ook begin met die opleiding van ‘n Taakkommando. Selektief het Wilhelm manne begin oplei om verskeie spesiale beskermingstake te verrig.

Met die stigting van die Vryheidsalliansie gedurende 1993, waarvan die Volksfront, die Inkhata Vryheidsparty en Bophutatswana lede was, het Wilhelm bewys dat hy ernstig is om samewerking te gee met enigiemand wat glo in selfbeskikking en teen kommunisme gekant is.

‘n Groep Inkatha lede was vasgekeer in die Kwesini Hostel, wat geleë is in die ANC-vesting Kathlehong. Wilhelm het die Taakkommando van die Boerekommando opgeroep om hulp te verleen aan die vasgekeerde Zoeloes. Omtrent 30 man onder Wilhelm se bevel is tydens eerste lig een Saterdag oggend gedurende November 1993 in Kathlehong in, bakkies vol gelaai met kos en mediese voorraad. AK-47- en ander koeëls het oor die bakkies gefluit en een patroon is deur ‘n bakkie se kap. Haglik was die toestand in die hostel, waar die Zoeloes vasgekeer was deur die vyandige ANC, maar groot was die vreugde op zoeloegesigte toe hulle besef wat aangaan.

Gedurende dié tydperk het kommandant Ratte ook die beplanning gedoen rondom wat gedoen moet word wanneer die onverkose Onafhanklike Oorgangsraad aan die bewind sou kom op 7 Desember 1993. Fort Schanskop het sterk na vore gekom omdat dit met Boere arbeid gebou is ter verdediging van die ou Boererepubliek en dus sterk gevoelswaarde vir die Boer het. Na talle verkennings en dae se beplanning het die besetting van Fort Schanskop plaasgevind as ‘n simboliese daad in protes teen die instelling van die ondemokratiese sogenaamde Onafhanklike Oorgangsraad, onder bevel van Kommandant Ratte op 7 Desember 1993, dié dag, toe die Boerevolk sy vryheid ontneem is deur die verraad van die Nasionale Party. Willem is nooit gevang nadat hy Schanskop verlaat het nie. Na die besetting het Kommandant Ratte voortgegaan met sy taak by Radio Pretoria.

In Maart 1994 het hy besluit om uit eie vrye wil sy samewerking die ou S.A.P. te gee oor die beleg van Fort Schanskop en die ondersoekbeamptes genooi om sy verklaring te kom neem. Soos dit ‘n ware leier betaam het kommandant Ratte alle verantwoordelikheid op homself geneem.

Gedurende Mei 1994 is Radio Pretoria gesluit. Vir Willem was dit totaal onaanvaarbaar om enigsins gehoor te gee of te kruip voor die Azaniese bestel. Drie maande later het die vrye, Christelike en onafhanklike radiostasie Radio Donkerhoek begin uitsaai. Vandag is dié stasie al 2 jaar op die lug.

Gedurende 1994 het die verhoor van Schanskop begin. Sonder om die gesag van die nuwe regering te aanvaar het Kommandant Ratte tog sy verhoor stiptelik bygewoon. Op 3 Mei 1996 is hy deur landdros M.C. de Witt gevonnis tot 20 jaar en ses maande gevangenisstraf. Wilhelm het dadelik met ‘n eetstaking begin, wat hy eers 57 dae later na ‘n oproep van die volk beëindig het. Wilhelm het bewys dat niks hom sal stuit in sy stryd vir sy volk nie. Hy was bereid om sy lewe op die volksaltaar plaas om sy volk te herenig na die skeuring wat veroorsaak is deur verraad. Wilhelm het deurgans erkenning gegee aan die Hemelse Vader en dat dit Christus is wat wat hom krag gee.

Dit is vir my ‘n eer en voorreg om deur hom “my vriend” genoem te word.

Raymond Rademan
Junie 1996

Bronnelys

Basson, Jakkie: Sterk aandrang op Ratte-vrylating. - in: DIE AFRIKANER v. 12.5./6.6.1996, bl. 5.

ders.: Ratte-saak eindig by eenheidsaksie. - in: DIE AFRIKANER v. 21.6./27.6.1996, bl. 1 en 12.

Beaver, Trish: Ratte is ‘walking the path that God has choosen’. - in: THE SUNDAY INDEPENDENT v. 23.6.1996.

Beleg dalk vandag verby. - in: DIE VOLKSBLAD v. 8.12.1993, bl. 1.

Bhagowat, Charmeela: Bloody good soldier, dubious politician. - in: THE STAR v. 8.12.1993. bl. 9.

Chandler, Norman: Army units hunt fleeing commander. - in: THE STAR v. 8.12.1993, bl. 1.

Chandler, Norman & Wilkinson, Bronwyn: Kommando confrontation. - in: THE STAR v. 7.12.1993, bl. 1.

Coetzee, Sandra: Regses bid vir Ratte by tronk. - in: BEELD v. 27.5.1996.

Cole, Barbara: The Elite. The story of the Rhodesian Special Air Service. Eerste Uitgawe. - Amazimtoti: Three Knights 1984.

Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (Hrsg.): Afrikanerbakens. - Goodwood: Nasionale Boekdrukkery 1989.

Graaf, Henk van der: Ratte-saak dui op dubbel-slagtigheid in regsstelsel. - in: PATRIOT v. 10.5.1996, bl. 11.

Knoetze, Willem: Ratte wil sterf soos Jopie Fourie. - in: METRO v. 21.6.1996, bl. 1 en 3.

Koch, Eddie: Stubborn Ratte dying for lost cause. - in: MAIL & WEEKLY v. 31.5./6.6.1996.

Lessing, Carel & Altenroxel, Lynne: Ratte's wife distances herself from supporters. - in: PRETORIA NEWS v. 13.6.1996, bl. 3.

Mandela will look at Ratte case - CP. - in: THE CITIZEN v. 30.5.1996.

“Ombili” heißt Frieden. MITTTEILUNGSBLATT FÜR *HEDWIGSLUST*, Nr. 1, Sep./1994

Pretorius, Charmaine: Fort Occupation may end today. - in: THE CITIZEN v. 8.12.1993., bl. 1-2.

Potgieter, De Wet: Boerekommando val Kathlehong in. - in: RAPPORT v. 17.10.1993.

ders.: Head of Pretoria Boere Commando is still at large. - in: THE CITIZEN v. 9.12.1993., bl. 1.

Ratte. (Comment). - in: THE CITIZEN. v. 13.6.1996.

Ratte won’t let Pik visit him. - in: THE CITIZEN v. 22.6.1996. bl. 1-2.

Ratte jail sentence cruel, says BP leader. - in: THE CITIZEN v. 6.6.1996.

Ratte on 7 charges after fort occupation. - in: THE CITIZEN v. 18.2.1995.

Ratte to serve full term: Pres. - in: THE CITIZEN v. 19.6.1996, bl. 1-2.

‘Red Ratte’ vra wêreld. - in: DIE REPUBLIKEIN v. 14.6.1996.

SAP pulls back at Donkerhoek. - in: THE CITIZEN v. 27.4.1995, bl. 1-2.

‘Siege’ ammo ‘could have caused damage’. - in: THE CITIZEN v. 8.9.1994.

Unger, Albert: Freiheit für Kommandant Ratte. - in: JUNGE FREIHEIT v. 14.6.1996.

Viljoen meets Omar over hunger strike. - in: THE CITIZEN v. 29.5.1996.

Viljoen pushes for amnesty. - in: PRETORIA NEWS v. 25.5.1996.

Waldner, Mariechen: Regses blokkeer hoofweg en eis Ratte se vryheid. - in: RAPPORT v. 9.6.1996.

We can’t release Ratte, say govt officials. - in: THE CITIZEN v. 10.6.1996.

Oor die Skrywer

Claus Nordbruch is in 1961 in Duitsland gebore. Na matriek het hy vrywillig aangemeld vir ‘n offisiersloopbaan in die Duitse weermag. Hy het vier jaar lank in verskillende infanteriebataljons gedien, totdat hy as luitenant op grond van onoorkomelike meningsverskille met sy werkgewer bedank het.

In 1986 het hy na Suid-Afrika geëmigreer met die voorneme om by 32 Bataljon aan te sluit. ‘n Geweldige spioenasieskandaal in dieselfde tyd het hierdie moontlikheid egter die nek ingeslaan. Nordbruch het toe besluit om in Pretoria te studeer. Vanaf 1987 tot 1991 het hy aan die Universiteit van Pretoria Duits, Geskiedenis, Kriminologie en Biologie gestudeer. In 1995 het hy aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) gepromoveer met ‘n dissertasie oor die pligsbegrip.

Twee wetenskaplike boeke en een letterkundige essay van Dr Claus Nordbruch het reeds in Duitsland die lig gesien, en hy het verskeie opstelle in Duitse en Suid-Afrikaanse geesteswetenskaplike vaktydskrifte geskryf. Teen die einde van vanjaar sal hy sy jongste navorsing oor meningsvryheid in Duitsland publiseer.

©1996 www.nordbruch.org